



God het Alles gemaak om Hom te Eer

Waarom het God ons gemaak?

God het ons *nie* gemaak omdat Hy eensaam is nie. God is *nooit* eensaam nie.

God het ons gemaak omdat Hy dit graag wou doen. Hy het ons gemaak om Hom te *eer*. Hy het die aarde so mooi gemaak vir die mense om op te woon - mense wat *net* soos God is. Hy wou graag hê die mense moet gelukkig wees en Hom *loof*, omdat Hy baie groot en goed is.

God se skeppingswerke is wonderlik. *Alles* wat Hy gemaak het, was goed en baie mooi. *Al* sy werke het Hom geloof en geprys.

Hoe het alles Hom geprys?

Die dinge wat God gemaak het, wys ons en *vertel* ons hoe groot Hy is.

Die sterre prys God in die nag, as hulle so glinster en blink. Hy hou hulle daar. Hulle wys ons hoe groot God is.

Die son en die maan vertel ons dat Hy 'n God is van skitterende majesteit, hoog en heilig.

Die voëls sing tot sy eer. Hulle vertel ons dat Hy 'n God is van vreugde en heerlijkheid. Hulle sorg vir hulle kleintjies en wys ons hoe *Hy* vir *ons* sorg.

Die winde waai soms baie sterk, die donderweer is hard, en die branders van die

see dreun as hulle breek. So vertel hulle ons dat God *groot* en *sterk* en baie *magtig* is.

Die bome en die blomme, die skoelappers en die miere, die groot kameelperd en die trotse leeu, die reën en die doudruppels – *alles* vertel ons hoe groot en *wonderlik* God is. Alles tesaam loof en prys Hom. Daarom het God alles *gemaak* – om Hom te *loof* en te *eer*.

Ons *sien* alles wat God gemaak het, en *ons* sê, "Wat 'n groot en wonderlike God is U!" Ons sê vir Hom, "Hoe groot is U!" Ons kan Hom baie beter loof as al die diere en die blomme en die sterre. Ons kan Hom *ken* en Hom *liefhê*. Ons sien al die dinge wat Hy gemaak het en ons harte sing en jubel, "Hoe groot is U!"

Ons prys die Here as ons vir Hom *liedere* sing.

Ons prys Hom as ons Hom *dank* vir al die goeie dinge wat Hy vir ons gemaak het, en as ons *bly* en *dankbaar* is vir al die goeie dinge wat Hy vir ons gee.

Ons eer Hom as ons Hom *aanbid* en Hom *vertel* dat ons Hom liefhet en dat ons Hom *nodig* het.

Ons loof Hom as ons Hom *gehoorsaam* is en probeer om sy wil te doen.

Maar *nooit*, ja *nooit* kan ons Hom genoeg loof nie. Hy is so groot en goed.

Gesels hieroor:

1. Hoe loof die voëls God?
2. Hoe prys die blomme Hom?
3. Waarom kan ons Hom die beste loof?

Die Bybel wil hê alles moet God loof:

"Laat hemel en aarde Hom prys."

(Psalm 69:35)

Wat ons kan lees:

Psalm 150

Kom ons sing hierdie lied om Hom te loof:

O Heer my God, as ek in eerbied wonder
En al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
Hoe U dit elke dag so onderhou...
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; Hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ons kan Hom ook met ons gebede prys:

Gebed:

O grote God in die hemel, al U werke vertel hoe groot U is. Hulle loof U. Ons wil U ook graag loof en prys. Laat ons harte asseblief bly wees en jubel, sodat ons kan vertel hoe groot en goed U is. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*